# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

20c — Monday 8 January 1979 — WINDHOEK — Maandag 8 Januarie 1979 — No. 3884


CONTENTS


| | Page |
|---|---|
| **DRAFT ORDINANCE:** | |
| Hospital Amendment Draft Ordiance, 1979 | 2 |


INHOUD


| | Bladsy |
|---|---|
| **ONTWERPORDONNANSIE:** | |
| Wysigingsontwerpordonnansie op Hospitale, 1979 | 3 |


## DRAFT ORDINANCE

The following Draft Ordinance is published for general information.

A. F. VAN R. MOUTON
*Acting Secretary for South West Africa*

Administration of South West Africa,
Windhoek.

## ONTWERPORDONNANSIE

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

A. F. VAN R. MOUTON
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika*

Administrasie van Suidwes-Afrika,
Windhoek.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

________ Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

# DRAFT ORDINANCE

To amend the Hospitals Ordinance, 1972, so as to exclude the liability of the Administration for the conveyance, or the cost of the conveyance, of the corpse of a patient back to the hospital or place from which he was transferred; and to grant authority for the making of regulations in relation to the burial of any corpse that is stored in the mortuary of a state hospital and that is not claimed or that no legally competent person undertakes to bury and actually buries.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

Amendment of section 14 of Ordinance 14 of 1972, as amended by section 4 of Ordinance 3 of 1973.

1. Section 14 of the Hospitals Ordinance, 1972 — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(3) If a patient referred to in subsection (1) dies in or at the hospital to which he was transferred at the expense of the Administration, the Administration shall not be liable for the conveyance, or the cost of the conveyance, of the corpse of such parient to the hospital or place from which he was thus transferred.".

Amendment of section 41 of Ordinance 14 of 1972, as amended by section 10 of Ordinance 3 of 1973.

2. Section 41 of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after paragraph (j) of the following paragraph:

"(jA) the burial, after the expiry of a period mentioned in the regulation, of any corpse that is stored in the mortuary of a state hospital and –

(i) that has not been claimed; or

(ii) that no legally competent person has undertaken to bury and has actually buried.".

Short Title.

3. This Ordinance shall be called the Hospitals Amendment Ordinance, 1979.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

________ Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

# ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Hospitale, 1972, ten einde die aanspreeklikheid van die Administrasie vir die vervoer, of die koste van die vervoer, van die lyk van 'n pasiënt terug na die hospitaal of plek waarvandaan hy oorgeplaas is, uit te sluit; en om magtiging te verleen vir die uitvaardiging van regulasies met betrekking tot die begrawing van enige lyk wat in die lykshuis van 'n staatshospitaal geberg word en wat nie opgevra word nie of wat geen wetlike bevoegde persoon onderneem om te begrawe en werklik begrawe nie.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:–

Wysiging van artikel 14 van Ordonnansie 14 van 1972, soos gewysig deur artikel 4 van Ordonnansie 3 van 1973.

1. Artikel 14 van die Ordonnansie op Hospitale, 1972 — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur die volgende subartikel daarby te voeg:

"(3) Indien 'n pasiënt in subartikel (1) bedoel te sterwe kom in of by die hospitaal waarheen hy op Administrasiekoste oorgeplaas is, is die Administrasie nie aanspreeklik vir die vervoer, of die koste van die vervoer, van die lyk van sodanige pasiënt na die hospitaal of plek waarvandaan hy aldus oorgeplaas is nie.".

Wysiging van artikel 41 van Ordonnansie 14 van 1972, soos gewysig deur artikel 10 van Ordonnansie 3 van 1973.

2. Artikel 41 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf (j) in te voeg:

"(jA) die begrawing, na verstryking van 'n in die regulasie vermelde tydperk, van enige lyk wat in die lykshuis van 'n staatshospitaal geberg word en –

(i) wat nie opgevra is nie; of

(ii) wat geen wetlik bevoegde persoon onderneem het om te begrawe en werklik begrawe het nie.".

Kort titel.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Hospitale, 1979.